

# 1. Grondbeginsels by spelling

## Eerste beginsel

Hou so ver as moontlik by beskaafde uitspraak, byvoorbeeld: probeer en nie poebeer nie.

Dit word genoem die standaarduitspraak van 'n woord.

## Tweede beginsel

Hou by die Nederlandse spelling (historiese beginsel), byvoorbeeld: fort met f en vrou met v, omdat dit so uit die Nederlandse taal oorgeneem is.

## Derde beginsel

Hou so ver as moontlik by die grondwoord wat afleidings, verboë vorme en samestellings betref (beginsel van gelykvormigheid), byvoorbeeld: skadu en skaduwee word albei met 'n u gespel.

## 1.1. Spelreëls

Skryfwerk vereis korrekte spelling. Om so min as moontlik spelfoute te maak, moet 'n mens by die basiese spelreëls hou. Leer die volgende spelreëls:

### 1.1.1 Verdubbeling van klinkers/vokale

- Die lang klanke in geslote lettergrepe word met dubbele vokaalteke geskryf, soos blaar, boom, veer.
- Die lang klanke in oop lettergrepe word met 'n enkele vokaalteken geskryf, soos blare, bome, mure.
- Uitsonderings: eiename soos Vosloo, Prinsloo, Karoo.

### 1.1.2 Verdubbeling van konsonante

- 'n Konsonant verdubbel wanneer dit volg op 'n kort vokaal/klinker wat die hoofklem dra: rakke, balle.
- Die konsonant verdubbel wanneer dit op 'n kort, onbeklemtoonde a of o volg: manskappe, eiendomme.
- Die konsonant verdubbel wanneer dit in die grondwoord volg op 'n kort, beklemtoonde vokaal: rebelleer, galoppeer, debatteer.
- 'n Konsonant verdubbel nie as die voorafgaande klinker kort is, maar nie die hoofklem dra nie: heerlike, ernstige, monnike.
- Uitsonderings: Ons skryf baseer (met een s), want die grondwoord is basis en die lang a-klank kom in die oop lettergreep voor.

Let wel:

- a. In die oortreffende trap verdubbel die vokaalteken u in 'n oop lettergreep: die skuuste, die ruuste.
- b. 'n Konsonant wat tussen 'n kort ie, oe, u of eu en 'n volgende vokaal staan, verdubbel nie: briefie, groete, minute, geute.
- c. Die volgende woorde word met een s geskryf, want die eerste deel van die samestelling is gewoonlik in die enkelvoud: seun + skool = seunskool, dame + skoen = dameskoen.
- d. 'n Saamgestelde woord waarvan die eerste woord op 'n s eindig en die tweede met 'n s begin, word met twee s'e gespel: jas + sak = jassak.
- e. As 'n woord op 'n s eindig, kry dit in die oortreffende trap twee s'e, die snaaksste (snaaks eindig op s + ste), die boosste (boos eindig op s + ste).

## 1.2 Skryftekens

### 1.2.1 Deelteken (¨)

#### Funksies

Die deelteken dui die begin van 'n nuwe lettergreep aan, soos re + ën, ko + öp + teer. Ons skryf 'n deelteken om aan te toon dat klinkers wat langs mekaar staan en as een sillabe (lettergreep) uitgespreek kan word, nie as sodanig uitgespreek moet word nie, soos vermoë/vermoë, ruïne/ruïne. Die deelteken dui dus 'n sillabegrens (skeiding) tussen twee sillabes aan en verseker dat 'n woord korrek uitgespreek word. Kyk goed na die volgende voorbeelde:

#### Sonder deelteken

dieet  
prinsipieel  
bakterie  
jeens  
heimwee  
eien  
doopseel  
gereeld (dikwels)  
skiereiland  
varieer

#### Met deelteken

diëte  
prinsipiële  
bakterieë  
bejeën  
hoofweë  
geëien  
posseël  
gereëlde (onthaal)  
skiër  
variëteit

**LW:** Die deelteken (óf die koppelteken) word gebruik in verbindings waarin 'n opeenhoping van klinkers verkeerd geles kan word: reïnkarnasie/re-inkarnasie, reünie/re-unie, koöperasie/ko-operasie.

#### Deelteken-reël

Die deelteken word gebruik om lettergreepskeiding aan te dui. Waar twee vokale langs mekaar staan en tot twee verskillende lettergrepe behoort, maar verkeerdelik as een lettergreep geles kan word, word die deelteken gebruik om te wys dié twee vokale behoort tot verskillende lettergrepe.

## 1.2.2 Kappie ( ^ )

Die kappie bo die klinkers e, i, o, en u dui 'n ander uitspraak as die gewone aan: premie/prêrie. Let daarop dat die kappie gewoonlik bo lang, oop sillabes gebruik word: wêe, trôe, êe, rûe. Soms kom die kappie ook in geslote sillabes voor: skêr, populêr, sekondêr, vulgêr, want dit is nodig in die verboë vorme van dié tipe soos skêre, populêre, én hulle eindig op 'n enkele konsonant.

Wanneer die e andersins in 'n geslote sillabe staan (én lank uitgespreek word), word die kappie nie gebruik nie, soos vers, vlermuis, pers, kers, ster. Ons skryf blêr en kwêr wel met kappies omdat hulle klanknabootsende woorde is. Die kappie word ook by leenwoorde soos aikôna, ietermagô en lobôla gebruik.

LW: Ter wille van die tradisie skryf ons naas vêr ook ver: Let ook daarop dat noiens en noientjies sonder 'n kappie gespel word omdat die o deel van 'n diftong vorm.

### Kappie-reël

'n Kappie word gebruik om sekere klanke te verleng (langer te maak tydens uitspraak): môre, brûe, skêr, miljoenêr, trôe, lêer, wêe, bêre, hê, wêreld, nêrens, sê, affêre

maar, kombers, mens, perd, stert, teks, telefoon

## 1.2.3 Koppelteken ( - )

### Funksie

Die koppelteken word gebruik in 'n samestelling wat een woord behoort te wees, maar weens uitspraakverwarring nie as een woord geskryf word nie.

### Redes vir die gebruik van 'n koppelteken

a. Om lees te vergemaklik by die opeenvolging van klinkers: asma-aanval, see-eend, bo-ent, na-aap, toe-eien, wa-as, kiwi-eier, studente-unie, ensovoorts.

LW: Woorde soos die volgende word nie met 'n koppelteken geskryf nie, om dat hulle nie moeilik lees nie, hulle kan gelees word sonder misverstand: hondeoor, naoorlogse, senuaandoening.

Geen verwarring ten opsigte van uitspraak kom voor nie.

b. Om dubbelsinnigheid te vermy: ru-gare in plaas van rugare, bo-sluis in plaas van bosluis, wind-erosie, gru-moord, dop-ertjie, pronk-ertjie.

c. Aardrykskundige name: Suid-Afrika, Midde-Ooste.

d. Eiename gekoppel aan soortname: Marais-plein, Kriel-huis.

e. Om lees te vergemaklik (leesbaarheidskoppelteken) by verbindings wat deur hul lengte die lees bemoeilik: appêlhofuitspraak-beoordeling, woonstelblokparkeerterrein, skoolleindsertifikaat-eksamen. Let op dat die koppelteken tussen die hoofkomponente geplaas word.

f. Samestellings met afkortings, simbole, syfers en getalle: D-dag, 5 l-houer, R50-noot, 50 cc-Honda.

g. Herhalingsamestellings: fluit-fluit, speel-speel.

LW: herhalings wat net in die verkleiningsvorm bestaan, kry nie 'n koppelteken nie: klapklappie, toktokkie, ensovoorts.

h. Gekoppelde bepalings: kruidjie-roer-my-nie, traak-my-nieagtig.

i. Verbinding met hulle: Pa-hulle, oom Jan-hulle.

j. By saamgestelde titels: generaal-majoor, luitenant-generaal.

k. Koppelteken as weglatingsteken: vark- en hoenderhok (varkhok en hoenderhok).

l. By samestellings waarin -en- voorkom: bek-en-klouseer, olie-en-astynstel, wins-en-verliesrekening.

LW: Ons skryf wortel- en koolslaai vir twee slaaisoorte: wortelslaai en koolslaai, maar wortel-en-koolslaai vir slaai wat uit wortels én kool bestaan.

m. By samestellings waarin 'n rigting voorkom byvoorbeeld: Noordoos-Vrystaat, Riebeeck-Wes, Suider-Afrika.

n. By samekoppelings wat tot 'n vaste eenheid gegroei het: mond-tot-mond-asemhaling: laat-maar-loop-houding.

LW: Volgens die beginsel van gelykvormigheid word sekere woordgroepe los geskryf wanneer hulle attributief gebruik word, soos kop teen kop botsing, want ons skryf tog die botsing was kop teen kop (predikatief). Verder moet ons daarop let dat waar 'n woordgroep met 'n agtervoegsel verbind, slegs voor die agtervoegsel nie 'n koppelteken geplaas word nie, soos oor-en-weer-praterij, heen-en-weertjie, traak-my-nieagtig.

o. By samestellings met pro-, anti-, nie- en -hulle: pro-Afrikaans, anti-Amerikaans, nie-Germaans, Petro-hulle.

LW: Die koppelteken kom tussen die hoofkomponente! By die eerste drie hierbo begin die tweede deel van die samestelling telkens met 'n hoofletter, daarom skryf ons protagonis, antipatie, en niegeleier sonder koppeltekens. Samestellings met oud- (soos oudonderwyser), assistent, adjunk-, aspirant-, vise-, sub-, en onder- (soos onderkaptein) word sonder koppeltekens geskryf. Verbindings waarin die aanvangshoofletter van die tweede deel behoue bly, kry egter 'n koppelteken voor die hoofletter, soos oud-Kovsie, adjunk-Speaker, Radio-Afrikaans, spreektaal-Afrikaans, ver-Engels, ver-Amerikaans. In gevalle soos nie-roker, nie-verhandelbaar, ensovoorts, het dit bloot gebruiklik geword om 'n koppelteken te gebruik.

p. Bepalings van gesteldheid soos bekaf, beenaf, raadop, stroomop (wees), pootuit, word sonder koppelteken geskryf. Waar rigting aangedui word, word dit deurgaans vas geskryf: stroomop swem, bergop ry, landuit gaan.

q. By koppelings met Latynse woordgroepe: ad hoc-komitee, ipso facto-benoeming, in camera-bespreking, psigo-analities, ensovoorts.

r. By gekoppelde name van lande, stede, dorpe, tale en afleidings daarvan: Sleswyk-Holstein, Kongo-Brazzaville, Graaf-Reinet, Maleis-Portugees, Schweizer-Reneke, Angel-Saksies, ensovoorts.

LW: Tradisioneel word sekere Suid-Afrikaanse plekname bestaande uit meer as een eienaam sonder koppelteken geskryf, byvoorbeeld: Fauresmith, Roosnekal en Harri-smith. Ander word tradisioneel los geskryf: Paul Roux, Piet Retief en Louis Trichardt.

- s. By koppeling van die volgende tipes: Rooms-Katoliek, Sosiaal-Demokraties.
  - t. Waar die dele van die saamgestelde woorde deur tussenplasing van 'n adjektief van mekaar geskei word, kan so 'n woord met of sonder 'n koppelteken geskryf word, byvoorbeeld: hoof-mediese beampte of hoof mediese beampte. Indien die eerste element van so 'n samestelling 'n voegsel (verbindings-s) kry, is die afstandskoppelteken verpligtend, byvoorbeeld: stads-elektrotegniese ingenieur.
  - u. Samestellings met 'n betekenisverhouding tussen die dele word met 'n koppelteken geskryf: manies-depressief, môre-oormôre, Springbok-All Black-wedstryd.
  - v. Telwoorde: drie-en-veertig of drie en veertig
- LW: Dit kan met of sonder 'n koppelteken geskryf word

### 1.2.4 Afkappingsteken ( ' )

Afkappingstekens word in die volgende gevalle gebruik:

- a. By meervouds- en verkleiningsvorme van selfstandige naamwoorde (ook eiename) wat op -i, -o, -u, en 'n beklemtoonde -a eindig:

Israeli	Israeli's	Israeli'tjie
farao	farao's	farao'tjie
parvenu	parvenu's	parvenu'tjie
hoera	hoera's	hoera'tjie
foto	foto's	foto'tjie
Okapi	Okapi's	Okapi'tjie
skadu	skadu's	skadu'tjie
pa	pa's	pa'tjie
maar		
oupa	oupas	oupatjie
ouma	oumas	oumatjie

- b. By meervouds- en verkleiningsvorme van persoonsname wat eindig op e of s wat in die enkelvoud nie uitgespreek word nie:

Cecile	Cecile's	Cecile'tjie
Louis	Louis's	Louis'tjie
Jacques	Jacques'e	Jacques'ie
Terblanche	Terblanche'e	Terblanche'ie
Marais	Marais's	Marais'tjie
Du Preez	Du Preezs	Du Preez'tjie
teenoor		
Du Toit	Du Toits	Du Toitjie
Roux	Rouxs	Roux'tjie
Fouché	Fouchés	Fouchétjie

- c. By meervouds- en verkleiningsvorme van letters:

l	l'e, l's	l'etjie
t	t's	t'tjie

b	b's	b'tjie
o	o's	o'tjie
m	m'e	m'etjie
k	k's	k'tjie

d. By meervouds- en verkleiningsvorme van syfers en getalle:

3	3'e, 3's	3'tjie
vii	vii's	vii'tjie
8	8's	8'ie
35	35's	35'ie

e. By verswakte vorme: daar's (daar is); as't ware (as het ware); hy't (hy het); s'n (syne), g'n (geen), ek't (ek het).

LW: Tradisioneel word by onder andere dis (dit is), tru (terug) en als (alles) geen afkappingsteken gebruik nie.

f. By 'n paar uitroepe of tussenwerpsels: b'r!, h'n-'n, h'm-h'm

## 1.2.5 Aksenttekens

Daar is twee aksenttekens wat klem op 'n bepaalde lettergreep plaas:

### 1.2.5.1 Akuut ( ' )

Die akuutteken word gebruik

- om te beklemtoon: sál, níks, nóg...nóg, óf...óf, sóét, hiérdie, réén, vóór, móét, dié, wíl.
- by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: attaché, cliché, séance.
- by sommige eiename: Esmé, René, Cronjé, Fouché, Naudé.
- om verskil tussen woordpare aan te dui: gésel (slaan), gesèl (maat).

### 1.2.5.2 Gravis ( ` )

Die gravisteken word gebruik

- in die volgende vier gevalle: dè, nè, hè, appèl
- by die skryf van vreemde woorde in hulle vreemde spelvorm: crèche, première, tête-à-tête, ampère.
- by sommige eiename: Eugène, Adèle, ensovoorts..

Let wel

- As die woord twee klinkers bevat, word die akuutaksent op albei geplaas, byvoorbeeld: Hy het géén kans gehad nie.
- As die klinkers ie is, kom die akuutaksent slegs op die e: Dit is nié hoe jy jou werk moet doen nie.
- As die klinker 'n i is, vervang die akuutaksent die kolletjie op die i: Ek wíl gaan swem.

## 1.3 Leestekens

### 1.3.1 Die punt

Die punt word gebruik

- a. aan die einde van 'n sin
- b. by afkortings

### 1.3.2 Die komma

Die komma word gebruik

- a. tussen selfstandige naamwoorde, byvoeglike naamwoorde, werkwoorde in 'n reeks: Die groente is verlep, droog en duur. Ons gaan worsbrode, wafels, lekkers en pannekoeke verkoop.
- b. na 'n aanspreekvorm: Gerda, sal jy my asseblief met dié kartonne help?
- c. na 'n uitroep wat sy krag verloor het: Wag, ek is nou moeg.
- d. voor en na 'n parentese: Tienie is, sonder om te skinder, baie jaloers.
- e. tussen twee gesegdes (werkwoorde): Wat hy nou wil doen, weet ek nie.
- f. voor die voegwoorde want en maar: Ons sal nou rus, want ons is moeg. Ek het lank probeer, maar kan dit nie regkry nie.

### 1.3.3 Die kommapunt

Die kommapunt word gebruik by 'n pouse. Die pouse by 'n kommapunt is langer as dié van 'n komma, maar korter as dié van 'n punt: Jy lyk baie moeg; jy het 'n blaaskansie nodig.

### 1.3.4 Die vraagteken

Die vraagteken word gebruik aan die einde van 'n direkte vraag: Wanneer gaan ons fliek? Dit word ook gebruik om 'n retoriese vraag aan te dui.

### 1.3.5 Die uitroepteken

Die uitroepteken word gebruik om 'n uitroep van ontsteltenis en dringendheid en om 'n versoek, bevel of waarskuwing aan te dui: Wat 'n wonderlike idee!

### 1.3.6 Die dubbelpunt

Die dubbelpunt word gebruik

- a. voor 'n verduideliking: Hy pak die appels in rye: rooi, geel, dan groen.
- b. voor 'n lys artikels: Sy koop die volgende vrugte: appels, pere en piesangs.
- c. by die direkte rede: Jacob: "Sal jy met my trou?"

### 1.3.7 Die aandagstreep

Die aandagstreep

- a. vestig die aandag op wat volg: Vir al my harde werk kry ek – die mooiste glimlag ooit!
- b. word gebruik om 'n parentese (inlassin) aan te dui: Hy is gevang - hy wou mos nie na waarskuwings luister nie - en nou word hy gestraf.

### 1.3.8 Woorde ter inligting of verduideliking

Woorde wat 'n inligting of verduideliking uitdruk, kom gewoonlik tussen hakies: Hulle sal Vrydag (oormôre) tuis wees.

## 1.4 Hoofletters

Hoofletters word as volg gebruik

### 1.4.1 Aan die begin van 'n sin

- a. Die eerste woord: Die seun skiet die bok.
- b. Na 'n onbepaalde lidwoord: 'n Leeu is gevaarlik.
- c. In die aanhef van 'n brief, e-pos-boodskap of faks:

Geagte Meer,	Liewe Ma,
Geagte mnr. Botha,	Beste oom Daan,
Geagte prof. Van der Merwe,	Beste mev. Du Toit en
Geagte mnr. Fanie van der Merwe	

### 1.4.2 Persoonsname (eiename):

#### 1.4.2.1 Eerbiedsbenaminge, voorname, vanne en byname

Skepper, Kobus, Du Plessis, Kobus du Plessis, Bakkies

#### 1.4.2.2 Name van fabrikate en produkte na die vervaardiger genoem

Kruppgeweer, Hansardverslag, Morris.

LW: Verflou die verband, gebruik ons kleinletters: dieselenjin, bunsenlamp, watt, mauser.

#### 1.4.2.3 Persoonsname met de, du, le, la en van

- a. Wanneer name of voorletters gebruik word, word die eerste deel van die van met kleinletters geskryf: Koos de la Rey, C.L. la Grange.

maar

- b. wanneer geen naam of voorletters gebruik word nie, word die eerste deel van die van met hoofletters geskryf: Ek sien De la Rey daaglik. Daar kom La Grange aan.



c. Soortname wat as eiename van partye, ensovoorts gebruik word: Arbeider (lid van dié party), Padvinders (Engels: Scouts).

d. Soortname wat in aanspreekvorme as eiename diens doen, soos in 'n brief. In die aanhef van briewe skryf ons: Geagte Dominee, Geagte Professor, Geagte Meneer,

maar

Geagte ds. Roux, Geagte prof. Theron, Geagte mnr. Smith, Geagte mnr. De Lange, Geagte mnr. C.P. de Lange

en

Liewe Moeder, Liewe Tannie

maar

Liewe oom Jan, Liewe tant Marie

e. Soortname wat by aansprekings in dialoog of in verhaal as eiename aangevoel word: Meneer die President/Voorsitter:

maar

'n president/voorsitter moet nog gekies word.

### **1.4.3. Ander aanspreekvorme**

Voorsitter, Seremoniemeester

### **1.4.4 Produkte**

Fordmotor, Philipstelevisie, maar plantname soos dahlia en roos, word met 'n kleinletter geskryf.

### **1.4.5 Personifikasies**

Jan Rap, Jan Publiek, maar as 'n idiomatiese benaming as 'n soortnaam gebruik word, is dit 'n kleinletter: 'n jansalie, 'n snoeshaan.

### **1.4.6 Diername**

Kaspaas is my kat en Poon is my perd se naam, maar diername wat soortname is, word met 'n kleinletter geskryf: piet-my-vrou, janfrederik.

### **1.4.7 Aardrykskundige eiename**

Name van lande, provinsies, streke, plase, strate, berge, riviere en sterrebeelde Suid-Afrika, Mpumalanga, Veertien Strome.

Let wel: Ons praat van die Ooste en die Weste (moondhede), maar ons ry oos of wes (kleinletters).

## 1.4.8 Tydsbepalinge

Name van dae, gedenkdae, maande, geskiedkundige gebeurtenisse en tydperke, byvoorbeeld: Steentydperk, Kersfees, Oujaarsdag, Moedersdag en Eerste Wêreldoorlog.

## 1.4.9 Name van gelowe, leerstellings, kunsrigtings, inrigtings

Katolisisme, Unisa, Ekspressionisme, Calvinisme, Universiteit van Wes-Kaapland

## 1.4.10 Publikasies (name van boeke, brosjures, koerante, tydskrifte)

Die Burger, Beeld, Huisgenoot

## 1.4.11 Name van vakke, sertifikate en grade

Taal, Geletterdheid en Kommunikasie, B.Com.-graad

## 1.4.12 Hoofletters vir beklemtoning

Dit noem hulle die LEWE!

## 1.4.13 Hoofletters in afkortings

Alg. = Algebra,	maar	alg. = algemeen
Di. = Dinsdag,	maar	di. = dit is
Ma = Maandag,	maar	mA = milli-ampère
Pk. = Poskantoor,	maar	pk. = perdekrug

## 1.5 Los en vas skryf van woorde

Wat die los en vas skryf van woorde betref, is dit belangrik om die betekenis, aksent en uitspraaktempo van 'n woord in gedagte te hou. Bestudeer die volgende twee sinne aan die hand van dié drie leidrade:

- a. Skryf jy en Deon nog aan mekaar?                      b. Die kinders raas aanmekaar.

### 1.5.1 Betekenis

In sin (a) beteken aan mekaar: die een aan die ander, maar in sin (b) het aanmekaar die betekenis van sonder ophou/aanhoudend.

### 1.5.2 Aksent

In sin (a) besit aan en mekaar min of meer dieselfde klemwaarde. In sin (b) verloor die samestellende dele hulle individuele aksent en die geheel kry 'n eenheidsaksent, wat dalend of stygend kan wees. In dié geval is die eenheidsaksent dalend, want aan word harder uitgespreek as mekaar. (Dink in dié verband ook aan woorde soos skoolhou, perdry, kafloop, kwaai-vriende.)

### 1.5.3 Uitspraaktempo

‘n Samekoppeling soos aanmekaar se uitspraaktempo is aanmerklik vinniger as dié van die los gespelde woorde aan mekaar.

Hier volg voorbeelde van woorde wat dikwels verkeerd gespel word:

Los	Vas
al hoe meer	allerlaaste
al te vol (reeds te vol)	altevool (erg)
bekend maak	bekendmaking
buitekant toe	buitentoe/buitetoe
(in die) eerste klas (slaag)	(‘n) eersteklas (kêrel)
(aan die) een kant (v.d. rivier)	(hy staan) eenkant
goeie Vrydag	goeiemôre!
goed praat (welsprekend wees)	goedpraat (met praat vergoeilik)
heel waarskynlik	heelparty
mooi weer (goeie weer)	mooiweer (speel met ...)
op mekaar (se skouers)	(die plante staan) opmekaar
so ver (as hy loop)	sover (ek weet)
honderd randnote (nie silwer)	honderdrandnote (elke noot is R100 werd)
van daar (is dit sigbaar)	vandaar (gevolglik)
(hy kan) ver spring	verspring (atletiekitem)
(‘n) pap wiel	(‘n) papbroek (wees)
(‘n) groot manswinkel	(‘n) grootmanswinkel
(die winkel is groot)	(waar klere vir groot mans verkoop word)
klein kind (klein)	kleinkind (ouma se kleinkind)
skoon veld (skoon)	skoonveld (weg)
drie hoeke (die drie hoeke is afgesny)	driehoeke (wiskunde)
oor gewig (gesels)	oorgewig (vet)

### 1.5.4 Altyd vas

#### 1.5.4.1 Samestellings

(Skryfwyses met koppeltekens, soos in Noord-Afrika en oom-hulle, is ‘n ander tipe van die vaste skryfwyse). Ander voorbeelde van samestellings:

Die seuns oefen vir Saterdagmiddag se voetbalwedstryd.

Jan skryf sy tuiswerkopdragte in sy sakboek neer.

Die samestellings kan uit meer as twee basisvorme bestaan.

Ons gebruik soms ‘n verbindingsklank om samestellings makliker uit te spreek:

Kattekwaad, broekspyp, koppenent, kinderkamer, slapenstyd, hondehok

In ‘n woord soos hondehok is die onderstreepte klank ‘n verbindingsklank en nie ‘n meervoudsvorm nie.

Woorde wat vas geskryf word:

- ‘n Samestelling met twee of meer selfstandige naamwoorde: dasspeld, glaskas.

- b. 'n Samestelling met 'n eienaam en 'n soortnaam: Adderleystraat (kan ook los of met 'n koppelteken geskryf word).
- c. 'n Samestelling met kant as die tweede deel: agterkant, voorkant.
- d. 'n Samestelling met 'n bywoord en toe: vorentoe, agtertoe  
Let wel: 'n Selfstandige naamwoord plus toe word as twee woorde geskryf: huis toe, kamp toe, skool toe.
- e. 'n Samestelling met 'n byvoeglike naamwoord en 'n bywoord: onderstebo.
- f. 'n Samestelling met terug en 'n werkwoord: terugslaan, terugneem
- g. 'n Saamgestelde taalnaam word vas geskryf: Standaardafrikaans, Maleierafrikaans

Die volgende spelwyses is almal korrek:

Hertzogprys, Hertzog-Prys, Hertzog-prys, Hertzog Prys

met eens of meteens

my self of myself

weer eens of weereens

ek self of ekself

#### 1.5.4.2 Intensiewe vorme

NB: Alle intensiewe vorme word altyd vas geskryf:

grasgroen

goudgeel

spierwit

piepklein

dolgraag

horingdroog

#### 1.5.4.3 Verbindings met aller-

Woorde met aller- word altyd vas geskryf:

Hy maak allerhande goed bymekaar.

Hy skryf die allerbeste opstelle.

Sy het die allermooiste rok op die partytjie aangehad.

NB: Al uitsondering is die oorgeërfde Nederlandse uitdrukking:

In aller yl het hy hom na die siekbed van sy pa gehaas.

Kyk ook na die volgende interessante voorbeelde: geeneen, albei, alleen, enigeen

### 1.5.5 Los of vas

#### 1.5.5.1 Betekenis

Voorbeelde waarin betekenis die deurslaggewende rol by die los of vas skryf van woorde speel:

'n Mens moenie damwater drink nie.

Daar staan 'n pragtige dam water na die reën.

#### 1.5.5.2 Die aanduiding van tyd

Wanneer 'n tydsduur aangedui word, word die woorde los geskryf: Ons het twee ure vir hom gewag.

Wanneer 'n spesifieke tydstip aangedui word, word die woorde vas geskryf:  
Hy het om eenuur/tweeuur eers gekom.

### 1.5.5.3 Verbindinge met -toe

Bywoordelike verbindings word altyd vas geskryf: binnetoe, ondertoe, boontoe, agtertoe, vorentoe.

Wanneer toe saam met 'n selfstandige naamwoord gebruik word, word toe los geskryf:  
Ons gaan huis toe. Die ambulans jaag hospitaal toe.

### 1.5.5.4 Verbinding met -self

Ek het hom self aangeraai om dit nie te doen nie.  
(Spreek oor sy onverantwoordelike gedrag.) Self het betrekking op ek.  
Hy het homself geskiet.

### 1.5.5.5 Verbindinge met -kant

Hy staan altyd eenkant  
Aan die een kant van die rok vasgewerk.  
Hy staan aan die kant van die pad.  
Staan diekant toe!

### 1.5.5.6 Verbindinge met al-

Is dit al tyd wat ons kry om die werk te doen.  
Hy sal 'n mens altyd help.

Behandel ook die volgende woorde (altyd in sinsverband):

geelwortel	tweestuk	insig	opsig
soetkoek	eersteklas	oorsake	driewiel
grootmens	derdemannetjie	ingeval	droogoond
ingedagte	rooiwyn	insake	vaaljapie
inmekaar	oupa		